DEEL 118 | WEEK 12 | 20 MAART 2026 | R5

HEILBRON HERALD



# Raubex bou meer as net paaie: Nuwe klaskamer vir Hoërskool Heilbron

Waar daar eens 'n tekort aan ruimte en hulpbronne was, staan nou 'n moderne, volledig toegeruste klaskamer – 'n bewys dat samewerking werklik gemeenskappe kan verander. Terwyl Raubex hul tyd in Heilbron afsluit, laat hulle nie net verbeterde paaie agter nie, maar ook 'n blywende belegging in die toekoms van leerders by Hoërskool Heilbron.

Die maatskappy het onlangs 'n splinternuwe klaskamer vir die groeiende Graad R-klas opgerig – 'n projek wat nie net infrastruktuur verbeter het nie, maar ook die band tussen skool, gemeenskap en besigheid versterk het.

Die behoefte aan 'n groter klaskamer is vroeër deur die skool se HOD, Suzilda Muller, geïdentifiseer. Beperkte fondse het egter die projek vertraag. Die probleem is daarna na die beheerliggaam geneem, wat 'n brief aan Raubex gerig het waarin hul behoefte uiteengesit is.

Met die beheerliggaam wat nie altyd beskikbaar was om die proses te dryf nie, het Hendie Lotter as skakelpersoon na vore getree. Sy het die kommunikasie met Raubex behartig, dokumentasie help opstel en deurlopend opgevolg om te verseker dat die projek suksesvol afgehandel word.

Raubex het vinnig en positief op die versoek gereageer. Onder leiding van hul span, insluitend Chris Albertyn (algemene voorman) en Erik de Clerck (logistieke bestuurder), is die klaskamer veilig en funksioneel opgerig. Die fasiliteit is toegerus met lugversorging, industriële matte en alles wat nodig is om 'n stimulerende leeromgewing te skep.

Volgens die maatskappy se algemene bestuurder, Hannes Piek, sal Raubex ook vir die volgende drie jaar instandhouding van die klaskamer verseker.

Vir Raubex strek hul betrokkenheid egter verder as bloot konstruksie. Besturende Direkteur, Wouter van der Merwe, het 'n persoonlike band met die dorp – sy pa, W.P. van der Merwe, was in die sewentigs betrokke by die infrastruktuurontwikkeling van die R57-pad tussen Heilbron en Sasolburg, en hy self is 'n oudleerder van Hoërskool Heilbron. Hulle het ook in Phiritona en Sandersville gratis werk vir die gemeenskap gedoen.

"Ons is trots om terug te ploeg in die gemeenskap waarin ons werk. Hierdie klaskamer is nie net 'n gebou nie, maar 'n belegging in die kinders se toekoms," het Piek gesê.

Raubex se betrokkenheid by gemeenskapsontwikkeling strek landswyd. Hul projekte sluit onder meer onderwysinisiatiewe, jeugontwikkeling, voedselsekerheidsprogramme en infrastruktuuronderhoud in beide stedelike en landelike gebiede in. Hierdie benadering weerspieël hul kernfilosofie: om nie net paaie te bou nie, maar ook mense en gemeenskappe te help groei.

By Hoërskool Heilbron word die nuwe klaskamer reeds as 'n groot seën beskou. Volgens Muller skep dit 'n veilige, netjiese en inspirerende ruimte waar kinders optimaal kan ontwikkel – akademies sowel as sosiaal.

Hierdie projek dien as 'n kragtige voorbeeld van wat moontlik is wanneer 'n gemeenskap, 'n skool en 'n maatskappy saamwerk. Vir Heilbron beteken dit meer as net 'n nuwe gebou – dit beteken nuwe hoop, nuwe geleenthede en 'n sterker toekoms.

*Op foto. Erik de Clerck (Logistieke Bestuurder), Hannes Piek (Algemene Bestuurder en die Graad R-klas van 2026.*









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Internasionale Maatskaplike Werkersdag - Deel 2*




• *Elmarie Els-Hammann*

Gedurende Maart is dit die geleentheid vir my om stil te staan en om te dink aan die roeping waarin ek myself bevind. Ek word stil. Stil by die voorreg – maar ook by die gewig – van hierdie roeping.

Maatskaplike werk is nie net 'n beroep nie; dit is 'n pad wat jy stap saam met mense in hul seerste en kwesbaarste oomblikke. Ek sien die trane wanneer 'n kind nie verstaan hoekom sy wêreld so skielik verander het nie. Ek hoor die stil noodkreet van 'n ma wat net een kans nodig het om weer reg te kom. Ek sit oorkant jongmense wat die wêreld met groot oë betree, maar sonder 'n veiligheidsnet.

Daar is dae wat swaar is. Dae wanneer administrasie ophoop, wanneer hulpbronne min is en nood groot. Dae wanneer jy moet luister na verhale van trauma en verlies en tog professioneel en sterk bly. Dae wanneer jy wens jy kon meer doen, vinniger help, groter verskil maak. Die uitdagings is werklik – emosionele uitbranding, beperkte fondse, komplekse gesinsdinamika en soms ook onbegrip oor wat ons werklik doen.

**Maar dan is daar die vreugde.**

Die vreugde wanneer 'n kind weer begin lag. Wanneer 'n tiener wat eens moed opgegee het, 'n werk kry of matriek slaag. Wanneer 'n gesin leer om weer met respek en liefde te kommunikeer. Daardie oomblikke wanneer iemand sê: "Dankie, jy het 'n verskil gemaak." Dit is klein woorde, maar dit dra groot betekenis.

Ek het geleer dat maatskaplike werk nie gaan oor om almal se probleme op te los nie – dit gaan oor hoop. Hoop aansteek. Hoop beskerm. Hoop help groei. Ons loop nie die pad vir mense nie, maar ons loop dit saam met hulle. Ons hou vas wanneer hulle self nie meer kan nie.

**En soms lyk hierdie roeping só:**

- Dis wanneer jy afbuk om 'n skoenveter vas te maak.
- Dis wanneer jy in die koue omdraai om daai vriendelike groet te gaan druk.
- Dis wanneer jy drie ure in die wind staan vir jou PDP, want jy kan hulle dan wettig rondry.
- Dis wanneer jy pleisters reg het vir stukkende knieë én gebroke harte.
- Dis wanneer jy jou hart en lewenstorie deel sodat hulle nie dieselfde seer hoef te beleef nie.
- Dis wanneer trane van lag of hartseer oor julle albei se wange rol.
- Dis wanneer om na jou kar toe te loop 'n missie is omdat jy soveel geselsies aanknoop.
- Dis wanneer jy raas met liefde, omdat lewenslesse nie altyd maklik geleer word nie.
- Dis wanneer half vyf net 'n tyd is en jy oortyd werk om seker te maak jou kind is oukei.
- Dis wanneer jy die skel en gevloek van ander vat ter wille van 'n kind, want soms is gedrag net 'n hulpkreet.
- Dis wanneer gebed jou krag is voordat jy 'n moeilike kind of krisis moet hanteer.
- Dis wanneer geduld geleer word, want soms moet 'n saadjie eers geplant word voordat dit kan groei.
- Dis wanneer jou eie stukkende hart weer heelgedruk word deur twee kinderarms.
- Dis wanneer jy leef soos 'n kind – met opgewondenheid vir die lewe en die vermoë om die mooi in elke oomblik raak te sien.
- Dis wanneer vorige kinders jou uitsoek net om te laat weet hulle is oukei.
- Dis wanneer legkaart bou deel van jou dag is om uit te figure wat regtig aangaan.
- Dis wanneer jy so bekommerd is dat jy beter speurwerk doen as die FBI.
- Dis wanneer min dinge jou nog skok, omdat jy al soveel beleef het – en elke dag dankie sê vir die voorregte in jou eie lewe.

**Dis dan wanneer ek die vraag van hoekom maatskaplike werk eerder sal beantwoord met:**

"Dit was nie my keuse nie, want dit het my gekies. Dit is nie net 'n werk nie. Dis om verder as jouself te gaan en vir iemand die wêreld te beteken."

Vir meer inligting oor Engo, besoek www.engo.co.za of stuur 'n e-pos na info@engo.co.za.

# UIT DIE PEN: Week 12

Ek het hierdie week geleer dat ons nog nie geleer het nie. Hoeveel lesse moet daar nog wees, wonder ek.

Onthou julle vir Gavin Watson? Hy het in die omgewing van Somersetwes grootgeword. Gewone kinderjare gehad. Sy pa was 'n pastoor wat téén apartheid gepreek het.

Teen die middel van die 1990's verskaf sy maatskappy sekere dienste aan die Departement van Korrektiewe Dienste. In 2004 begin sy maatskappy maaltye aan Korrektiewe Dienste voorsien. Hierdie kontrak het tot in 2018 gestrek en daar word beraam dat hy 'n allemintige R12 miljard uit hierdie kontrakte gemaak het.

Gelukkig het Bosasa darem nie al die geld gehou nie, maar ook vir die ANC 'n goeie bedraggie van R3 miljoen gegee vir hulle verkiesingsveldtog van 2014. Verder het hy met Pres Ramaphosa se veldtog gehelp, en ruimskoots R500 000 voorsien.

Gawe mense, dié ouens van Bosasa.

Hulle word vir geldwassery en korrupsie ondersoek. Dieselfde gawe mense. En toe, op 'n mooi dag in Augustus 2019, verongeluk Gavin naby die OR Tambo lughawe. Hy het nie met sy deftige kar gery nie, maar met 'n "gewone" Toyota Corolla. Hy moes sy BMW na die werkswinkel toe vat, het hulle destyds gesê. Nederige karretjie vir die gawe man.

In dieselfde asem het Angelo Agrizzi destyds gesê dat Watson graag wou land-uit, en ek kan raai hoekom. Iewers is iemand lelik ingeloop. Hoe maak iemand hierdie mal wins uit 'n staatskontrak?

Na die ongeluk het die SAPD het 'n saak van strafbare manslag oopgemaak, maar niemand weet wat die uitslag van die ondersoek was nie.

Volgens Wikipedia het 'n patologieverslag getoon dat Gavin reeds dood was ten tye van die motorongeluk. Ek het laasgenoemde nie eers geweet nie. Dit kan wees dat hy vermoor is en toe in die kar geplaas is. Dit kan ook wees dat hy dalk 'n hartaanval agter die stuur van die kar gehad het, maar daaroor kan ons net bespiegel.

Niemand weet waarheen Gavin op pad was nie, ook nie hoekom hy met die nedergie karretjie gery het nie. Die oorsaak van sy dood is nie bekend nie. Niemand weet of dit 'n ongeluk was, of nie. Daar was blykbaar nie ooggetuies nie en niemand kon sy selfoon opspoor nie. Hy het blykbaar net R70 in sy besit gehad, sowel as sy ID en sy bestuurslisensie. Alles net so toevallig.

Die motor se soekstelsel het nie gewerk nie en daar was geen videomateriaal van die CCTV-kameras naby die ongelukstoneel nie. Dit terwyl die strate wemel van die kameras.

Interessant.

Ek ruik iets. En dit ruik nie lekker nie.

Nietemin: Angelo Agrizzi het vir jare probeer om 'n paar van Gavin se kastaiings uit die vuur te krap. Hy het vertel dat hy al die afgelope 18 jaar van al die korrupsie en omkopery geweet het. En tog het hy stilgebly. Dalk het hy 'n ietsie daarvoor gekry? Ek sal nie vir seker kan sê nie.

Hy het in November 2025 'n pleitooreenkoms met die staat aangegaan. In hierdie ooreenkoms het hy erken dat daar korrupsie en geldwassery betrokke was. En dit alles word teruggevoer na die kontrakte met die Departement van Korrektiewe Dienste. Toe die gawe mense so 'n groot wins gemaak het.

Uiteindelik het Agrizzi 'n 10-jaar vonnis gekry vir elke aanklag van korrupsie, maar die vonnise is opgeskort omdat hy siek is.

Hierdie week het ek so half *dèjavù* gehad.

Iemand vertel my dat daar twee nuutgestigte besighede in een dorp is. Presies op dieselfde dag gestig. Hulle moes by die staat aansoek doen om hulle program te laat registreer. Wat altwee op dieselfde dag gedoen het.

Besigheid A ken iemand wat iemand wat iemand ken. Hulle aansoek is vinnig deurgedruk, maar hulle is gevra om ietsie ekstra aan die staatsamptenaar te betaal.

Besigheid B kry dieselfde boodskap. Besigheid A besluit om die omkoopgeldjie te betaal, en besigheid B nie. A se program word binne 2 weke goedgekeur. Besigheid B het amper twee jaar gesukkel.

A het drie lugversorgers, 'n *car port* ekstra bybetaal. Hulle het ook vir die herstel van die persoon se heining betaal. Dit het darem vrugte afgewerp, dink hulle. Redelike klein prys om te betaal sodat hulle al die rye kan systap.

B het besluit dat hulle dit op die regte manier sou doen. A het gespog dat hulle ten volle funksioneel is, en B het net sy kop geskud.

Ongeveer 'n jaar later kontak die staatsamptenaar vir A. Dit is amper sy verjaarsdag, sê hy, en hy het klaar sy verjaarsdaggeskenk gaan uitkies. Hy het drie kwotasies daarvoor aangevra, soos wat staatspraktyk is. A moet asseblief hulle e-posse dophou. Die drie kwotasies sal na hulle besigheid se e-posrekening gestuur word, en dan kan A die beste kwotasie kies.

Dis nie so baie geld nie, sê die amptenaar. Die duurste kwotasie is darem net R62 000, maar dit is A se keuse watter kwotasie hy wil aanvaar.

Nou: as Bosasa en Madlanga nog nie genoeg waarskuwing is nie, weet ek nie watter waarskuwing aan almal gerig moet word nie. Om slinks te wees bring jou seker iewers, maar nie vir lank nie.

En as jy op een geleentheid iemand omgekoop het, hou jy aan en aan om te betaal. Dis soos 'n geskenk wat jy aanhou gee. 'n Vieslike wasmasjien waarin jy beland, wat jou baie geld en jou reputasie kan kos. *Rinse and repeat*.

Ek het hierdie week geleer dat mense nog nie uit die lesse van die verlede iets geleer het nie.

Ek is net so bly ek hoef nie R62 000 vir iemand se verjaarsdaggeskenk te betaal nie.

Daardie bedrag laat my oë traan.

# 103 Genadejare vir geliefde Heilbron-inwoner

Die bekende en geliefde Heilbron-inwoner, Johanna Jacoba Susanna (Kotie) Els, het Donderdag 19 Maart 'n merkwaardige mylpaal bereik toe sy haar 103de verjaardag gevier het – 'n besondere geleentheid wat deur familie en vriende as 'n groot seën beskou word.

Kotie is op 19 Maart 1923 gebore as die jongste van vyf kinders van Daan en Jacoba Els van die plaas Middel naby Heilbron. Reeds op 'n jong ouderdom het sy haar passie vir onderwys ontdek en op net 17-jarige ouderdom na Bloemfontein vertrek om as onderwyseres te studeer.

Haar loopbaan in die onderwys het haar na verskeie dorpe geneem, onder meer Jacobsdal en Edenville. Uiteindelik het sy na Heilbron teruggekeer waar sy saam met haar man, Okkie Els, hul op die plaas Spitsrand gevestig het.

Uit hul huwelik is twee kinders gebore, Paul Els en Kobie Els (Fick). Toe dit tyd geword het vir Paul om skool te begin, het Kotie weer haar passie vir onderwys uitgeleef en in Heilbron begin klas gee.

Na die afsterwe van haar man het sy vir 'n tyd by Laerskool Rapportryer in Randfontein skool gegee. Later het sy weer na die plaas teruggekeer om 'n belangrike rol in haar familie se lewe te speel en te help met die grootmaak van haar kleinkinders.

Vandag is sy die trotse ouma van ses kleinkinders en oumagrootjie van tien agterkleinkinders – 'n nalatenskap waarop haar familie besonder trots is.

Kotie woon tans by haar seun Paul en sy vrou, Rolien Els, in Breëstraat, Heilbron, waar sy steeds omring word deur die liefde en ondersteuning van haar familie.

Haar 103 jaar getuig van 'n lewe vol toewyding aan familie, geloof en onderwys – 'n ware inspirasie vir die gemeenskap van Heilbron.







EJ STAINLESS
& Mild Steel Solution
Reg No. 2006/010756/23 • Vat No. 4550225555
Web: www.ejsm.co.za
P.O. Box 2
Small Holdings No. 5
Highlands
Heilbron, 9650
- Your boilermaking solution in Stainless & Mildsteel -

VAKATURE: DRAAIER

EJ Stainless is op soek na 'n betroubare en gemotiveerde persoon om by ons span in Heilbron aan te sluit.

Pligte en Verantwoordelikhede:
• Draaiwerk
• Milling werk

Vereistes en Vaardighede:
• Moet selfstandig kan funksioneer
• Sober gewoontes
• Moet onder druk kan funksioneer
• Ondervinding in draai- en millingwerk 'n vereiste
• Moet akkuraat en presies kan werk
• Ondervinding in TIG/CO2 sweiswerk sal voordelig wees

Aansoekproses:
Stuur asseblief jou CV na: martin@ejsm.co.za

Of kontak:
• Jaco Swart – 082 392 9819
• Martin Swart – 082 389 7961

EJ STAINLESS
& Mild Steel Solution
Reg No. 2006/010756/23 • Vat No. 4550225555
Web: www.ejsm.co.za
P.O. Box 2
Small Holdings No. 5
Highlands
Heilbron, 9650
- Your boilermaking solution in Stainless & Mildsteel -

VAKATURE: AANKOPER / VOORRAADKONTROLEERDER

EJ Stainless is op soek na 'n betroubare en gemotiveerde persoon om by ons span in Heilbron aan te sluit.

Pligte en Verantwoordelikhede:
• Aankoop van materiaal en parte
• Ontvangs en kontrole van aankope
• Bestuur en beheer van voorraad

Vereistes en Vaardighede:
• Moet selfstandig kan funksioneer
• Sober gewoontes
• Moet onder druk kan funksioneer
• Tweetalig (Afrikaans en Engels)
• Rekenaarvaardig (MS Outlook, Word, Excel)
• Ondervinding in Sage Pastel sal voordelig wees

Aansoekproses:
Stuur asseblief jou CV na: martin@ejsm.co.za

Of kontak:
• Jaco Swart – 082 392 9819
• Martin Swart – 082 389 7961



Ngwathe

## OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER

### PUBLIC NOTICE FOR SALE OF RESIDENTIAL SITES

Notice is hereby given in terms of section 79(18) (b) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939) as amended, and Section 14 of the Local Government Municipal Finance Management Act 56 of 2003, that Ngwathe Local Municipality intends to dispose seven as listed in the below table subject to the undermentioned conditions.

a) PARYS

| Item no. | Town | Property information street address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf No | PTN No | Street Address | | | | | |
| 1 | Parys | 566 | 1 | SCHEIBACH STREET | R267 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1725 | SERVICED |
| 2 | PARYS | 255 | 8 | FORTH AVENUE | R205 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1028 | SERVICED |
| 3 | PARYS EXT 15 | 1969 | 0 | 1969 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1136 | UNSERVICED |
| 4 | PARYS EXT 15 | 1970 | 0 | 1970 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 5 | PARYS EXT 15 | 1971 | 0 | 1971 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 6 | PARYS EXT 15 | 1972 | 0 | 1972 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1130 | UNSERVICED |
| 7 | PARYS EXT 15 | 1973 | 0 | 1973 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 8 | PARYS EXT 15 | 1974 | 0 | 1974 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 9 | PARYS EXT 15 | 1975 | 0 | 1975 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1260 | UNSERVICED |
| 10 | PARYS EXT 15 | 1976 | 0 | 1976 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1548 | UNSERVICED |
| 11 | PARYS EXT 15 | 1977 | 0 | 1977 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1259 | UNSERVICED |
| 12 | PARYS EXT 15 | 1978 | 0 | 1978 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 13 | PARYS EXT 15 | 1979 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1261 | UNSERVICED |
| 14 | PARYS EXT 15 | 2010 | 0 | 2010 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1522 | UNSERVICED |
| 15 | PARYS EXT 15 | 2029 | 0 | 2029 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1060 | UNSERVICED |
| 16 | PARYS EXT 15 | 2030 | 0 | 2030 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1184 | UNSERVICED |
| 17 | PARYS EXT 15 | 2031 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1129 | UNSERVICED |
| 18 | PARYS EXT 15 | 2032 | 0 | 2032 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1100 | UNSERVICED |
| 19 | PARYS EXT 15 | 2033 | 0 | 2033 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1130 | UNSERVICED |
| 20 | PARYS EXT 15 | 2034 | 0 | 2034 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1169 | UNSERVICED |
| 21 | PARYS EXT 15 | 2035 | 0 | 2035 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1284 | UNSERVICED |
| 22 | PARYS EXT 15 | 2330 | 0 | 1 KRAANVOEL CRESCENT | R252 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1163 | SERVICED |
| 23 | PARYS EXT 15 | 2331 | 0 | KRAANVOEL CRESCENT | R252 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1060 | SERVICED |
| 24 | PARYS EXT 15 | 2332 | 0 | KRAANVOEL CRESCENT | R252 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1060 | SERVICED |
| 25 | PARYS EXT 15 | 2333 | 0 | KRAANVOEL CRESCENT | R252 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1060 | SERVICED |
| 26 | PARYS EXT 15 | 2334 | 0 | KRAANVOEL CRESCENT | R252 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1065 | SERVICED |
| 27 | PARYS EXT 15 | 2338 | 0 | 2338 HOSPITAL ROAD | R252 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1179 | SERVICED |
| 28 | PARYS EXT 15 | 2339 | 0 | 2339 LAKSMAN STREET | R252 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1112 | SERVICED |
| 29 | PARYS EXT 15 | 2373 | 0 | 25 KRAANVOEL CRESCENT | R292 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1290 | SERVICED |
| 30 | PARYS EXT 15 | 2376 | 0 | 17 KRAANVOEL CRESCENT | R252 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1379 | SERVICED |
| 31 | PARYS EXT 15 | 2381 | 0 | 7 KRAANVOEL CRESCENT | R273 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1848 | SERVICED |
| 32 | PARYS EXT 15 | 2411 | 0 | 2411 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1105 | UNSERVICED |
| 33 | PARYS EXT 15 | 2412 | 0 | 2412 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1227 | UNSERVICED |
| 34 | PARYS EXT 15 | 2413 | 0 | 2413 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 35 | PARYS EXT 15 | 2414 | 0 | 2414 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 36 | PARYS EXT 15 | 2415 | 0 | 2415 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 37 | PARYS EXT 15 | 2416 | 0 | 2416 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 38 | PARYS EXT 15 | 2417 | 0 | 2417 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 39 | PARYS EXT 15 | 2418 | 0 | 2418 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 40 | PARYS EXT 15 | 2419 | 0 | 2419 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 41 | PARYS EXT 15 | 2433 | 0 | 2433 PAULSEN STREET | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 42 | PARYS EXT 15 | 2434 | 0 | 2434 PAULSEN STREET | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1181 | UNSERVICED |
| 43 | PARYS EXT 15 | 2435 | 0 | 2435 PAULSEN STREET | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1182 | UNSERVICED |
| 44 | PARYS EXT 15 | 2436 | 0 | 2436 PAULSEN STREET | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 45 | PARYS EXT 15 | 2437 | 0 | 2437 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 46 | PARYS EXT 15 | 2438 | 0 | 2438 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1180 | UNSERVICED |
| 47 | PARYS EXT 15 | 2439 | 0 | 2439 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1165 | UNSERVICED |
| 48 | PARYS EXT 15 | 2442 | 0 | 2442 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 49 | PARYS EXT 15 | 2443 | 0 | 2443 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 50 | PARYS EXT 15 | 2444 | 0 | 2444 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 51 | PARYS EXT 15 | 2445 | 0 | 2445 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 52 | PARYS EXT 15 | 2446 | 0 | 2446 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 53 | PARYS EXT 15 | 2447 | 0 | 2447 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 54 | PARYS EXT 15 | 2448 | 0 | 2448 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1256 | UNSERVICED |
| 55 | PARYS EXT 15 | 2449 | 0 | 2449 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1256 | UNSERVICED |
| 56 | PARYS EXT 15 | 2450 | 0 | 2450 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 57 | PARYS EXT 15 | 2451 | 0 | 2451 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 58 | PARYS EXT 15 | 2452 | 0 | 2452 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 59 | PARYS EXT 15 | 2453 | 0 | 2453 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 60 | PARYS EXT 15 | 2454 | 0 | 2454 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 61 | PARYS EXT 15 | 2455 | 0 | 2455 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 62 | PARYS EXT 15 | 2456 | 0 | 2456 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1096 | UNSERVICED |
| 63 | PARYS EXT 15 | 2466 | 0 | 2466 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1161 | UNSERVICED |
| 64 | PARYS EXT 15 | 2467 | 0 | 2467 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1245 | UNSERVICED |
| 65 | PARYS EXT 15 | 2468 | 0 | 2468 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1360 | UNSERVICED |
| 66 | PARYS EXT 15 | 2469 | 0 | 2469 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1400 | UNSERVICED |
| 67 | PARYS EXT 15 | 2470 | 0 | 2470 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 68 | PARYS EXT 15 | 2471 | 0 | 2471 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1120 | UNSERVICED |
| 69 | PARYS EXT 15 | 2559 | 0 | 2559 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 70 | PARYS EXT 15 | 2560 | 0 | 2560 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1258 | UNSERVICED |
| 71 | PARYS EXT 15 | 2561 | 0 | 2561 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 72 | PARYS EXT 15 | 2562 | 0 | 2562 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 73 | PARYS EXT 15 | 2563 | 0 | 2563 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 74 | PARYS EXT 15 | 2564 | 0 | 2564 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 75 | PARYS EXT 15 | 2565 | 0 | 2565 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 76 | PARYS EXT 15 | 2566 | 0 | 2566 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1296 | UNSERVICED |
| 77 | PARYS EXT 15 | 2567 | 0 | 2567 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1296 | UNSERVICED |
| 78 | PARYS EXT 15 | 2568 | 0 | 2568 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 79 | PARYS EXT 15 | 2569 | 0 | 2569 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 80 | PARYS EXT 15 | 2570 | 0 | 2570 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 81 | PARYS EXT 15 | 2571 | 0 | 2571 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 82 | PARYS EXT 15 | 2572 | 0 | 2572 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 83 | PARYS EXT 15 | 2782 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 84 | PARYS EXT 15 | 2783 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 85 | PARYS EXT 15 | 2784 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1251 | UNSERVICED |
| 86 | PARYS EXT 15 | 2785 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1251 | UNSERVICED |
| 87 | PARYS EXT 15 | 2786 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 88 | PARYS EXT 15 | 2787 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1500 | UNSERVICED |
| 89 | PARYS EXT 15 | 2788 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1251 | UNSERVICED |
| 90 | PARYS EXT 15 | 2789 | 0 | 1979 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1251 | UNSERVICED |
| 91 | PARYS EXT 15 | 2790 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 92 | PARYS EXT 15 | 2791 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1400 | UNSERVICED |
| 93 | PARYS EXT 15 | 2792 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 94 | PARYS EXT 15 | 2793 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 95 | PARYS EXT 15 | 2794 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1300 | UNSERVICED |
| 96 | PARYS EXT 15 | 2794 | 0 | 2031 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 97 | PARYS EXT 15 | 2806 | 0 | 2030 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1600 | UNSERVICED |
| 98 | PARYS EXT 15 | 2807 | 0 | 2466 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1400 | UNSERVICED |
| 99 | PARYS EXT 15 | 2808 | 0 | 2466 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1130 | UNSERVICED |
| 100 | PARYS EXT 15 | 2811 | 0 | 2419 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1200 | UNSERVICED |
| 101 | PARYS EXT 15 | 2812 | 0 | 2418 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1800 | UNSERVICED |
| 102 | PARYS EXT 15 | 2813 | 0 | 2418 PARYS TOWN | R25 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1800 | UNSERVICED |

b) EDENVILLE

| Item no. | Town | Property information street address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf no. | PTN no. | Street address | | | | | |
| 1 | EDENVILLE | 56 | 0 | 56 WESSELS STREET | R16 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 718 | SERVICED |
| 2 | EDENVILLE | 111 | 0 | 111 VAN DER MERWE STREET | R16 000,00 | Vacant | RESIDENTIAL | 743 | SERVICED |

Ngwathe MUNICIPALITY

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | EDENVILLE | 112 | 0 | 112 VAN DER MERWE STREET | R16 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 735 | SERVICED |
| 4 | EDENVILLE | 113 | 0 | 113 VAN DER MERWE STREET | R16 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 748 | SERVICED |
| 5 | EDENVILLE | 205 | 0 | 205 VAN RENSBURG STREET | [illegible] | Vacant | RESIDENTIAL | 3107 | SERVICED |
| 6 | EDENVILLE | 373 | 0 | 373 MARK STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1190 | SERVICED |
| 7 | EDENVILLE | 293 | 0 | 293VAN RENSBURG STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 8 | EDENVILLE | 366 | 0 | 366 MARK STREET | R42 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1447 | SERVICED |
| 9 | EDENVILLE | 378 | 0 | 378 JUDD STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1190 | SERVICED |
| 10 | EDENVILLE | 380 | 0 | 380 VAN NIEKERK STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 11 | EDENVILLE | 427 | 0 | 427 VAN RENSBURG STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 12 | EDENVILLE | 431 | 0 | 431 C/O BLOTEK & V RENSB ST | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 3079 | SERVICED |
| 13 | EDENVILLE | 433 | 0 | 433 VAN RENSBURG STREET | R62 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 14 | EDENVILLE | 435 | 0 | 435 VAN RENSBURG STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 15 | EDENVILLE | 436 | 0 | 438 VAN RENSBURG STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 16 | EDENVILLE | 441 | 0 | 441 ELIZABETH STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 17 | EDENVILLE | 442 | 0 | 442 ELIZABETH STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |
| 18 | EDENVILLE | 499 | 0 | 499 BUITEKANT STREET | R62 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2974 | SERVICED |

c) VREDEFORT

| Item no. | Town | Property information street address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf no. | PTN no. | Street address | | | | | |
| 1 | VREDEFORT | [illegible] | 0 | PHIL STEYN STREET | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 634 | SERVICED |

d) MOKWALLO

| Item no. | Town | Property information street address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf no. | PTN no. | Street address | | | | | |
| 1 | MOKWALLO | 344 | 0 | 344 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 276 | SERVICED |
| 2 | MOKWALLO | 345 | 0 | 345 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 276 | SERVICED |
| 3 | MOKWALLO | 346 | 0 | 346 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 276 | SERVICED |
| 4 | MOKWALLO | 347 | 0 | 347 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 270 | SERVICED |
| 5 | MOKWALLO | 348 | 0 | 348 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 267 | SERVICED |
| 6 | MOKWALLO | 349 | 0 | 349 MOKWALLO | R9 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 288 | SERVICED |

e) HEILBRON

| Item no. | Town | Property information Street Address | | | Market value | Category | Permitted use | Extent SQM | Comment |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Erf no. | PTN no. | Street address | | | | | |
| 1 | HEILBRON EXT 15 | 956 | 0 | 3 NEGENDESTRAAT STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1611 | SERVICED |
| 2 | HEILBRON EXT 15 | 957 | 0 | BREE STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1903 | SERVICED |
| 3 | HEILBRON EXT 15 | 959 | 0 | BREE STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1903 | SERVICED |
| 4 | HEILBRON EXT 15 | 960 | 0 | BREE STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1903 | SERVICED |
| 5 | HEILBRON EXT 15 | 961 | 0 | BREE STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1893 | SERVICED |
| 6 | HEILBRON EXT 15 | 962 | 0 | 1 SAMPIE FRONEMANSTRAAT STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1800 | SERVICED |
| 7 | HEILBRON EXT 15 | 963 | 0 | 3 SAMPIE FRONEMANSTRAAT STREET | R250 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 9563 | SERVICED |
| 8 | HEILBRON EXT 15 | 966 | 0 | 7 SAMPIE FRONEMANSTRAAT STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1933 | SERVICED |
| 9 | HEILBRON EXT 15 | 972 | 0 | 19 EERSTESTRAAT STREET | R150 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2905 | SERVICED |
| 10 | HEILBRON EXT 15 | 973 | 0 | 17 EERSTESTRAAT STREET | R125 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1980 | SERVICED |
| 11 | HEILBRON EXT 15 | 974 | 0 | 15 EERSTESTRAAT STREET | R125 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1990 | SERVICED |
| 12 | HEILBRON EXT 15 | 975 | 0 | 13 EERSTESTRAAT STREET | R125 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1980 | SERVICED |
| 13 | HEILBRON EXT 15 | 976 | 0 | 11 EERSTESTRAAT STREET | R125 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1980 | SERVICED |
| 14 | HEILBRON EXT 15 | 977 | 0 | 9 EERSTESTRAAT STREET | R120 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2087 | SERVICED |
| 15 | HEILBRON EXT 15 | 978 | 0 | 7 EERSTESTRAAT STREET | R120 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2314 | SERVICED |
| 16 | HEILBRON EXT 15 | 979 | 0 | 5 EERSTESTRAAT STREET | R120 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2208 | SERVICED |
| 17 | HEILBRON EXT 15 | 980 | 0 | 3 EERSTESTRAAT STREET | R120 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 2268 | SERVICED |
| 18 | HEILBRON EXT 15 | 1022 | 0 | 101 SEBOE STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 19 | HEILBRON EXT 15 | 1023 | 0 | 107 SEBOE STREET | R105 500.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 20 | HEILBRON EXT 15 | 1026 | 0 | 109 SEBOE STREET | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 21 | HEILBRON EXT 15 | 1027 | 0 | 111 SEBOE STREET | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 22 | HEILBRON EXT 15 | 1028 | 0 | 113 SEBOE STREET | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 713 | SERVICED |
| 23 | HEILBRON EXT 15 | 1029 | 0 | 46 VYFDE STRAAT | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 24 | HEILBRON EXT 15 | 1046 | 0 | 113 SESDESTRAAT | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 25 | HEILBRON EXT 15 | 1062 | 0 | 34 TWAALFDESTRAAT | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 26 | HEILBRON EXT 15 | 1066 | 0 | 28 TWAALFDESTRAAT | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 27 | HEILBRON EXT 15 | 1084 | 0 | 31 VACANT STAND | R100 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 28 | HEILBRON EXT 15 | 1086 | 0 | 35 VACANT STAND | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 29 | HEILBRON EXT 15 | 1087 | 0 | 37 VACANT STAND | R105 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 990 | SERVICED |
| 30 | HEILBRON EXT 28 | 1270 | 0 | LUABBER STREET | R70 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1115 | SERVICED |
| 31 | HEILBRON EXT 28 | 1271 | 0 | LUABBER STREET | R70 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1588 | SERVICED |
| 32 | HEILBRON EXT 28 | 1272 | 0 | LUABBER STREET | R70 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1484 | SERVICED |
| 33 | HEILBRON EXT 28 | 1273 | 0 | LANGMARK STREET | R70 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1384 | SERVICED |
| 34 | HEILBRON EXT 28 | 1274 | 0 | LANGMARK STREET | R70 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1333 | SERVICED |
| 35 | HEILBRON EXT 28 | 1275 | 0 | LANGMARK STREET | R70 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1211 | SERVICED |
| 36 | HEILBRON EXT 28 | 1276 | 0 | LANGMARK STREET | R75 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1288 | SERVICED |
| 37 | HEILBRON EXT 28 | 1277 | 0 | LUABBER STREET | R70 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1524 | SERVICED |
| 38 | HEILBRON EXT 28 | 1278 | 0 | LUABBER STREET | R70 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 1133 | SERVICED |
| 39 | HEILBRON | 1598 | 0 | TWEEDE STREET | R265 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 8507 | SERVICED |
| 40 | HEILBRON | 1555 | 0 | 12 TWEEDESTRAAT STREET | R200 000.00 | Vacant | RESIDENTIAL | 9787 | SERVICED |

**IMPORTANT INFORMATION:**

A copy of the offer form is available at the SCM Office as per specified amount below:

| No | Market Value | Amount |
|---|---|---|
| 1 | Below R10 000,00 | R300,00 |
| 2 | Above R10 001.00 and below R100 000.00 | R1 000.00 |
| 3 | Above R100 001.00 and below R200 000.00 | R2 000.00 |
| 4 | Above R200 001.00 and more | R3 000.00 |

| | |
|---|---|
| PAYMENTS CANNOT BE MADE AT SUPPLY CHAIN MANAGEMENT OFFICE BUT CAN BE MADE AT THE FOLLOWING MUNICIPAL PAY POINTS: [illegible] | ALTERNATIVELY, DIRECT OR ELECTRONIC DEPOSITS CAN BE MADE TO THE NEDBANK ACCOUNT: [illegible] |
| [illegible] | [illegible] |

A copy of the above form is available at the SCM Offices at a non-refundable amount as stipulated on the above column; payable by cash at the municipal cashier point or by direct deposit with a proof of deposit thereof being provided.

Further, application forms must be completed in full. Any incomplete or incorrectly filled forms will be disqualified. The following must be submitted together with the offer form:

- Completed a prescribed forms and must reference the specific ERF number being applied for;
- Certified Copy of a South African ID (not older than 3 months), and
- Certified Copy of Proof of address (not older than 3 months, and municipal account should not be in arrears for 90 days period)

**BASIS OF EVALUATION**

a) The assessment will be in accordance with MFMA and other applicable Legislation

b) All offers to purchase will be evaluated by a Bid Evaluation Committee as approved by the Municipal Manager. The following criteria will be applicable:

- Preference will be given to first time homeowners, previously disadvantaged individuals, person living with disability, Women and youth.
- Preference will be given to residents residing in all towns under the jurisdiction of the Municipality.
- Applicants who wish to apply for more than one site simultaneously are welcome to do so, however a new offer Form must be completed for each site.
- Only natural persons, being individual human beings, and NOT private (i.e. business entity or governmental organisation) or public (i.e. government) organisations will be considered, and
- All residential site with a market value of above R100.000.00 will have to pay 50% upon approval of the offer.

Any representations or objections to the intended disposal must be made in writing, specifying which ERF the objection relates to, and addressed to the Municipal Manager (Dr FP Mothamaha) within 30 days of the publication of this notice on this address: The Municipal Manager: Ngwathe Local Municipality, P.O Box: Parys, 9585 Or Liebenbergstrek, Parys, 9585.

**The closing date for the submission of application form is on Wednesday, 01 April 2026 at 12.00pm.**

**A completed offer form together with ALL the required attachments should be place in a sealed envelope that is clearly marked and deposited in the Tender Box situated at Ngwathe Local Municipality, Ground Floor, Liebenbergstrek, Parys, 9585.**

Note: It remains the Council's prerogative to withdraw any of the properties from the market and not to sell any of the properties.

For further information, please contact Mr Jones Mogorosi Chief Housing Officer on (056) 816 2700 or via email at mokgorosij@ngwathe.co.za

**DR FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

# Gerrie Müller (Gert Hendrik)

## **30 Oktober 1952 †14 Maart 2026*




Gerrie Müller is op 14 Maart 2026 oorlede. Hy het grootgeword op die plaas Rooikraal tussen Heilbron en Frankfort, op die Moedersdeelpad.

Hy het altyd met humor aan sy laerskooldae teruggedink en vertel hoe hy terselfdertyd die dux, die veelsydigste én die swakste leerling in sy klas was – omdat hy die enigste kind in graad 7 op die plaasskool was. Daar het tannie Suzie hulle alles geleer, veral spel. Hy het altyd gesê hy kan nie eintlik Engels praat nie, maar glo dit of nie – hy kon reg spel, selfs in Engels.

Gerrie het aan Hoërskool Willem Pretorius gematrikuleer en daarna onderwys studeer. Hy het aanvanklik in Palaborwa, en later in Heilbron by Willem Pretorius, Sandersville en Dipkraal Sekondêr skoolgehou, voordat hy hom in Klerksdorp gevestig het as eienaar van Master Maths. Dit was vir hom meer as werk – dit was 'n passie. Tot Januarie het hy steeds wiskunde aangebied, en daar word geskat dat hy sowat 2 500 leerders gehelp het om matriek met wiskunde te slaag. In 2025 is sy sentrum as een van die top 10 Master Maths-franchises in die land aangewys – iets waarop hy stilweg baie trots was.

Gerrie het maklik 'n geselsie begin, 'n grap gemaak of 'n storie vertel. Hy het diep omgegee, maar ook geworstel met die realiteit dat nie alles in die lewe onder jou beheer is nie. Met tyd het hy berusting gevind in die wete dat die Here saam met jou die pad stap en jou nie alleen laat nie. In die week voor sy dood het twee van sy skoolvriende, Danie Roets en Kobus Hendriks, van die Kaap af gery om 'n uur by hom te kom kuier – 'n bewys van die liefde en respek wat hy oor sy lewe opgebou het.



# Dankie Steers & Tekkie Town

*RJ Muller en Lienke Terreblanche wil graag hul opregte dank en waardering uitspreek teenoor die gemeenskap, Johan Botha van Steers en Tekkie Town vir hul ruim bydrae en ondersteuning. Hierdie bystand het 'n groot rol gespeel in hul deelname aan die SA-Kampioenskappe in die Kaap. Julle bereidwilligheid om te belê in plaaslike talent word opreg waardeer en maak 'n werklike verskil.*

# Hoërskool Heilbron neem deel aan VKB-rugbyreeks

Hoërskool Heilbron het onlangs hul deelname aan die VKB-rugbyreeks afgeskop, 'n inisiatief wat daarop gemik is om skole en dorpe op die platteland meer geleenthede te bied om aan georganiseerde sport deel te neem.

Die Bronnie-spanne het die reeks afgeskop met wegwedstryde teen Hoërskool Reitz. Die wedstryde het goeie deelname en entoesiasme van spelers en ondersteuners getoon.

Die afgelope naweek se tuiswedstryde op Hoërskool Heilbron se velde het groot geesdrif in die dorp veroorsaak, met ondersteuners wat in groot getalle opgedaag het om hul spanne aan te moedig. Dit was egter nie net rugby wat te sien was nie, aangesien daar ook opwindende netbal- en hokkiewedstryde plaasgevind het wat vir baie sportaksie deur die dag gesorg het.

Die komende naweek pak Bronnies vir Viljoenskroon aan op hul tuisveld, waar nog 'n dag van opwindende rugby verwag word.

Die VKB-rugbyreeks se doel is om kleiner dorpe en skole meer blootstelling te gee en om jong spelers meer geleenthede te bied om hul talent op die rugbyveld te ontwikkel. Die reeks dra ook by tot die bevordering van gemeenskapsgees en sport op die platteland.



**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**










# Skenk bloed in Heilbron




SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk Dinsdag, 24 Maart om meer lewens te red & bloedvoorraad weer op te bou.

**Skenk bloed, Dinsdag, 24 Maart 2026 by die Heilbron Suid Kerk vanaf 13:00 - 19:00**

SANBS nooi alle skenkers, veral skenkers wat nie in die afgelope paar maande geskenk het nie, om asseblief die tyd te neem om bloed te skenk.

***Jou bloed red lewens***

# KENNISGEWINGS

## NOTICE

In the Estate of the late **ANNA ELIZABETH MYBURGH**, Identity Number 600921 0055 08 8, Married Out of Community of Property without the Accrual, born on the 21st of September 1960 and who died on the
20th of December 2025, of the Farm Bloemhof, Heilbron, Free State, 1009.
**ESTATE NUMBER: 622/2026**
All persons having claims against the above Estate are hereby called upon to lodge their claims with the undermentioned within a period of 30 (THIRTY) days from the
20th of March 2026.
Dated at Parys on the 05th of March 2026.
**COETZEES ING ATTORNEYS AND EXECUTOR**
**25 BUITEN STREET**
**P .O BOX 5, PARYS, 9585**
**(REF. MRS Y VAN DEVENTER/NS/MAT9348)**
**TEL: 056 811 2136**
**E-MAIL: j8@coetzeesattorneys.com**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68(1) of the deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of a
**Deed of Transfer: T11994/2013** in favour of:
**VIVIAN LESEKA**
**IDENTITY NUMBER: 6608070506088**
**UNMARRIED**
In respect of certain:
**ERF 1002 HEILBRON (EXTENTION 15)**
**DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 990 (NINE HUNDRED AND NINETY) SQUARE METRES**
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State, Bloemfontein, 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301 within two (2) weeks after the date of publication of this notice.
Dated at Newcastle on this day the 16th March 2026.
**SB MOEKETSI ATTORNEYS INC**
**SHOP 4, ARMADA PLACE**
**76 HARDING STREET**
**NEWCASTLE, 2940**
**TEL: 069 494 3629**
**E-MAIL: vuyisile@moeketsiattorneys.co.za**
**REF: MA/FTM-01/TR/26**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T7525/2024** passed by:
**EKSEKUTEUR BOEDEL WYLE**
**JOHANNES JURGENS BORNMAN**
**BOEDELNOMMER 1225 /2024**
In favour of:
**PIETER SAREL BORNMAN**
**Identity Number 790205 5006 084**
Married out of Community of Property
In respect of certain:
Erf 531 Petrus Steyn, Distrik Lindley
Provinsie Vrystaat
Groot: 1486 vierkante meter
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds Bloemfontein, situated at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 17 March 2026.
**A BOTHA**
**APPLICANT: AMANDA BOTHA ATTORNEYS,**
**233 LAWLEY STREET, WATERKLOOF, 0145**
**E-MAIL: Amanda.botha@amandabotha.co.za**
**TEL: 082 775 7256**

### WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

EASTER 2026
3 Apr. Good Friday
5 Apr. Easter Sunday
6 Apr. Family Day



CLEAR WRAP
TRANSPARENT
@ R18-00

Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033
of heraldnuus@heilbron.co.za



Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Herald Office National

STROOP VAN
SOJAS



PAUL KEOGH
071 363 4129





### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

*Verskeidenheid legkaarte beskikbaar*



Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

SELF-INKING STAMPS



SELF-INKING DATER STAMPS
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

POSTNET Digital

# Need a Criminal Record Check?

## Get Quick & Convenient Results Today!

24 - 48 hours: R335 incl. VAT
5 Hours: R395 incl. VAT
2 Hours: R565 incl. VAT

HURU

Visit PostNet Heilbron for more details

Disclaimer: This service is not a Police Clearance Certificate. Terms & Conditions Apply. For more information, visit www.huru.co.za

# DELIVERY & COLLECTION

## between Heilbron and Vaal Triangle

## Monday, Wednesday and Friday

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

R100 per parcel





Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel

# SMALLS

# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

### BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

### BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport



# Heilbron-krieketspan behaal derde plek in Lions T20-reeks

Die Heilbron-krieketspan het uitstekende prestasie gelewer deur derde uit nege spanne te eindig in die gesogte Lions T20-reeks. Die span het deurgaans goeie krieket gespeel en hul plek in die halfeindronde verdien.

Ongelukkig het hul droom om die eindstryd te haal in die semi-finaal tot 'n einde gekom toe hulle teen Route 66 vasgeval het. Ten spyte van die nederlaag kan die span trots wees op hul deursettingsvermoë en spanwerk deur die toernooi.

Die span het hul opregte dank uitgespreek teenoor al die ondersteuners wat hulle deurentyd aangemoedig en ondersteun het. Volgens die spelers het die gemeenskap se betrokkenheid 'n groot rol in hul sukses gespeel.

## Plaaslike atleet mik nou vir nasionale glorie



Marizaan Swannepoel, dogter van Jannie en Wendy Swannepoel en 'n voormalige leerder van Hoërskool Heilbron, maak tans groot opslae op die atletiekbaan as leerder van Hoërskool Voortrekker. Hierdie talentvolle jong atleet het onlangs indrukwekkende prestasies behaal by beide die Vrystaat Skole Atletiekkampioenskappe en die ASA Vrystaat Kampioenskappe.

By die Vrystaat Skole Atletiekkampioenskappe het Marizaan haar staal gewys deur eerste plekke in die 800m en 1500m te behaal, terwyl sy ook 'n tweede plek in die 400m losgehardloop het. Sy het haar goeie vorm voortgesit by die ASA Vrystaat Kampioenskappe, waar sy eerste geëindig het in die 1500m en tweede plekke verower het in beide die 400m en 800m.

Wat haar prestasies nóg meer merkwaardig maak, is die feit dat sy by die ASA-byeenkoms in 'n ouer ouderdomsgroep (O/15) meegeding het, en steeds daarin geslaag het om teen sterker kompetisie uit te blink.

Marizaan se fokus is nou gerig op die nasionale verhoog. Sy neem van 26 tot 28 Maart deel aan die ASA Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Germiston, waarna sy weer van 8 tot 11 April haar skool gaan verteenwoordig by die Suid-Afrikaanse Skolekampioenskappe in Rustenburg.

Onder die leiding van haar afrigter, Casper de Villiers, een van Hoërskool Voortrekker se privaat afrigters, ontwikkel Marizaan vinnig tot een van die provinsie se belowendste middelafstandatlete.

Die gemeenskap van Heilbron en haar familie is uiters trots op haar prestasies en sien met groot afwagting uit na wat die toekoms vir hierdie jong ster inhou.




## Plaaswerker onlangs ontvoer

Die Moederdeel-boerevereniging was Saterdagoggend in rep en roer ná die ontvoering van 'n plaaswag in die omgewing. Volgens inligting het 'n verdagte voertuig vroeër op plase in die gebied rondbeweeg en glo ook probeer om by 'n boer se woning in te breek. Daar word vermoed dat die wag, wat tussen twee plase gepatrolleer het, die verdagtes se aandag getrek het en is kort daarna ontvoer.

Gelukkig het die wag 'n opsporingstoestel (*tracker*) by hom gehad. Toe die verdagtes hom daaroor uitvra, het hy vinnig op sy voete gedink en gesê dit is bloot 'n selfoonlaaier. Die verdagtes het die toestel geneem en in hul voertuig gebêre, waarna hulle die wag in die kattebak gegooi het.

In 'n verdere gelukskoot het die wag se selfoon tydens die ontvoering uit sy sak geval en in die kattebak agtergebly, sonder dat die ontvoerders daarvan bewus was.

Volgens inligting het die voertuig later in Deneysville gestop, waar die wag daarin geslaag het om uit die kattebak te ontsnap. Hy het onmiddellik die boer vir wie hy werk gekontak, waarna hulp ontbied is. Die verdagtes is kort daarna deur die polisie van Oranjeville gearresteer.

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG -23 MAART 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG -24MAART 2026
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
WOENSDAG - 25 MAART 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
DONDERDAG - 26 MAART 2026
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VRYDAG - 27 MAART 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830